



Provinsie van die
OOS-KAAP
ONDERWYS

Steve Vukile Tshwete Onderwyskompleks • Sone 6 Zwelitsha 5608 • Privaatsak X0032 • Bhishe 5605
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

HOOFDIREKTORAAT – KURRIKULUMBESTUUR

**GRAAD 12 LEERDER
ONDERSTEUNINGSPROGRAM**

**HERSIENING EN REMEDIËRENDE ONDERRIG
INSTRUMENT:
VRAE EN ANTWOORDE**

VAK: AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL – EERSTE VRAESTEL

Junie 2009

Hierdie dokument bestaan uit 14 bladsye.

Streng gesproke nie vir toets-/eksamendoeleindes nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A: Leesbegrip (30 PUNTE)

AFDELING B: Opsomming (10 PUNTE)

AFDELING C: Taal (40 PUNTE)

2. Lees ALLE instruksies versigtig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

5. Trek 'n streep na elke afdeling.

6. Nommer elke antwoord presies soos wat die vrae op die vraestel genommer is.

7. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

8. Skryf netjies en leesbaar met blou of swart ink.

9. Skenk aandag aan spelling en sinskonstruksie.

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1: LEESBEGRIP – KOERANTARTIKEL**

Lees die onderstaande koerantartikel en beantwoord die vrae wat volg.

HELEN ZILLE - DIE BESTE BURGEMEESTER

Helen Zille vertel hoe sy die beste burgemeester ter wêreld geword het.

- 1 Haar beste bate is om die regte mense in die regte poste te plaas – waar die beste in hulle na vore kan kom en waar hulle die gemeenskap die beste kan dien.
- 2 Me. Helen Zille van Kaapstad glimlag oor die etiket “verstommende vrou” en “die gelyke van Desmond Tutu en Nelson Mandela” wat deur die internasionale City Mayors-projek aan haar toegedig is, nadat sy as die wêreld se top-burgemeester aangewys is.
- 3 Sy hoop dat sy ’n rolmodel en ’n inspirasie vir die gemeenskap sal kan wees, want dit is wat sy veronderstel is om te doen, het sy na haar aanwysing op Wêreldonderwysdag gesê. Sy het op dié dag spesiaal haar dagboek verander om tyd saam met die kinders van Kleinvlei Sekondêre Skool in Eersterivier deur te bring. “My eerste passie is die onderwys. Niks kan daarsonder gebeur nie. Van alles wat ’n kind nodig het, is ’n goeie onderwyser die belangrikste. Ons moet na hulle omsien.”
- 4 Zille, wat ook die nasionale DA-leier is, het aan *Rapport* gesê sy soek nog die een wat haar vir die projek benoem het. Hierdie projek wil burgemeesters regoor die wêreld in die kollig plaas en diegene met ’n geskiedenis van puik dienslewering vereer. Zille wonder dus wie haar benoem het en sou hierdie persoon graag daarvoor wou bedank.
- 5 “Ek weet daar is agtien maande lank na die burgemeesters regoor die wêreld gekyk. Ek het nie weer daaraan gedink nie totdat ek in Junie gehoor het ek is tussen die eerste 50; toe weer die eerste vyf.”
- 6 Sy moes onlangs 15 e-posvrae beantwoord; onder meer: Wat doen die stad omtrent sy baie inwoners sonder dienste? Wat doen die stad omtrent sy haweloses en misdaad? Wat doen sy om vaardighede terug te bring Suid-Afrika toe? Wat is haar visie vir die stad?
- 7 Zille se vingers is op die stad se pols. Sy word as vriendelik, professioneel en iemand met empatie, buitengewone leierskap en interpersoonlike vaardighede beskryf. Sy het voorwaar die wenresep!

(Aangepas en verwerk uit: *Rapport*, 19 Oktober 2008)

- 1.1 Watter groot prestasie het Helen Zille te beurt geval? (1)
- 1.2 Deur wie is die toekenning gemaak? (1)
- 1.3 Noem net EEN van die beroemde mense met wie Zille vergelyk word. (1)
- 1.4 Helen Zille het die dag wat sy saam met die kinders van die Kleinvlei Sekondêre Skool deurgebring het, maande lank beplan.
- 1.4.1 Stem jy saam met die stelling? Skryf slegs JA of NEE. (1)
- 1.4.2 Motiveer jou antwoord in VRAAG 1.4.1 deur slegs TWEE AGTEREENVOLGENDE WOORDE aan te haal. (1)
- 1.5 Helen Zille weet dis belangrik om die regte mense in die regte poste te plaas, want ...
- A dan sal hulle van haar hou.
- B hulle sal seker maak dat mense gereeld hulle pos kry.
- C dis tot die voordeel van die gemeenskap as daardie mense hulle vaardighede goed benut.
- D dit sal meer mense aanmoedig om Kaapstad toe te trek. (1)
- 1.6 Watter faset van dienslewering is vir Helen Zille die belangrikste? (1)
- 1.7 Wat is die hoofdoel van die projek waarvan Helen Zille as wenner aangewys is? (1)
- 1.8 Hoekom kon Zille nog nie haar dankbaarheid betoon teenoor die persoon wat haar vir die eer benoem het nie? (1)
- 1.9 Verduidelik in jou EIE WOORDE wat die skrywer met “*haweloses*” bedoel. (1)
- 1.10 Haal 'n sin uit paragraaf 7 aan wat vir ons sê dat Helen Zille probeer om van alles te weet wat in Kaapstad aangaan. (1)
- 1.11 Helen Zille is iemand met empatie, beteken dat sy ... oor die inwoners van Kaapstad voel.
- A besorgd
- B onsimpatiek
- C hartseer
- D ongelukkig (1)

VRAAG 2: LEESBEGRIP – BRIEF AAN DIE PERS

Lees die onderstaande brief aan die pers en beantwoord die vrae wat daarop gebaseer is:



(Strokiesprent uit: *Meester en Neelsie*, Klaskamerkasnades, Internet: 28 Augustus 2008)

Steun onderwysers in moeilike taak

Graag gee ek my mening oor die berig “*Ouers dreig met regstappe ná onderonsie met onnie*”, wat op 18 Augustus in *Die Burger* verskyn het.

1. Calvin het nie sy huiswerk gedoen nie. PUNT. FOUT. STRAF. Die onderwyser ruk die boek uit sy hand, “arme Calvin” struikel en kap sy kop teen die vloer. Calvin moet voor die hele klas om verskoning vra. Sy ouers weier, Calvin is al genoeg verneder, ouers dreig met regstappe. Sy uiteindelige straf is om ’n opstel te skryf. Wat ’n eensydige storie! Ek sal graag dié opstel wil lees.
2. Ons is almal bewus daarvan dat dit vandag nie meer kinderspeletjies is om skool te hou nie. In sommige skole heers daar totale anargie. Kinders is so bewus van hul regte, dat dit onderwysers teen die mure wil uitdryf. Wat dit nog moeiliker maak, is dat ouers hul “onskuldige bloedjies” ten volle ondersteun. Om dissipline in die skool te kan handhaaf, moet daar ook gesag in die ouerhuis wees. Dit is die plig van elke ouer om gesag oor hulle kinders uit te oefen en hulle te leer om ander, veral ouer persone, te respekteer.
3. Ek is nie ’n onderwyser nie (dankie daarvoor), maar ’n ouer van drie, wat almal nog op laerskool is.

Besorgde Ouer van drie

(Brief verwerk en aangepas uit: *Die Burger*, 20 Augustus 2008)

- 2.1 Watter skoolreël het Calvin oortree? (1)
- 2.2 Haal DRIE AGTEREENVOLGENDE WOORDE uit paragraaf 2 aan waaruit ons kan aflei dat dit deesdae baie moeilik is om ’n onderwyser te wees. (1)

- 2.3 Noem TWEE moontlike redes waarom dit moeilik is om dissipline in skole te handhaaf. (2)
- 2.4 Wat dink jy, bedoel die seun eintlik as hy aan die onderwyser sê: “*moet ons asseblief nie vals hoop gee nie*”? (1)
- 2.5 Wat is “*Besorgde Ouer*” se opinie ten opsigte van die rol van ouers in die opvoeding van hulle kinders? (1)
- [6]**

VRAAG 3: INHOUDSOPGAWE

Bestudeer die onderstaande inhoudsopgawe en beantwoord die vrae wat daarop gebaseer is:

HUISGENOOT VOORBLAD



Nick Santonastasso is 'n inspirasie vir almal.

VINGERALLEEN KOM HY REG (bladsy 34)

Enigiets is moontlik. Dit weet die onblusbare seun wat met een arm en een vinger gebore is.

HOU MOED GEKWELDE LAND (bladsy 12)

Loftus vir Jesus: 'n Visioen van 'n jong Middelburger en inspirasie van Buchan bring hoop vir leërskaare. Lees meer omtrent hierdie geloofwaardige man.

“AFVAT-WET” GEVAARLIK VAAG (bladsy 22)

Dis dalk ongrondwetlik en dit kan ons ekonomie knou – wat behels die Onteieningswet?

RUBRIEKE RUBRIEKE

LEEF GESOND (bladsy 15)

In 'n onlangse Amerikaanse ondersoek is bevind dat kinders van drie jaar en jonger 'n korter tyd speel in 'n vertrek waar daar 'n TV aan is, as wanneer daar geen TV-program op die agtergrond is nie. Dié bevinding is baie belangrik vir ouers met groeiende kinders.

ARTIKELS

NICHOLAS SELF NOU DIEP (bl. 97)

Lyfie-ster in nuwe ontwikkeling: Hy wys nou sy ernstige kant en sing vir Huisgenoot se misdaad-fonds.

46664 BAND VAN HOOP (bl.8)

Madiba se armbande gaan mae volmaak en tot 'n biljoen rand verdien vir die stryd teen vigs.

TJIPS HIER KOM BLOMMIE (bl.33)

Dietrich se Merc 300D loop op kookolie maar – hy is g'n vis op droë grond nie.

NUWE LIEFDE VIR GOSPEL DIVA (bl.26)

Sy het eers haar baba verloor en toe haar man. Maar die krag van musiek het Ronel Erasmus deur al die swarkry gedra.

(Aangepas en verwerk uit: *Huisgenoot*, weekgang 28 Julie 2008)

3.1 Verwys na die hoofstorie: "*Vingeralleen kom hy reg*"

3.1.1 Wat is die naam van die persoon na wie die storie verwys? (1)

3.1.2 Waarom is die gebruik van die intensiewe vorm, "*vingeralleen*", hier so gepas? Verduidelik dit in jou EIE WOORDE. (2)

Die volgende vrae verwys na die ander rubrieke en artikels:

3.2 Watter uitwerking het 'n televisie wat aan is op jong kinders wat in dieselfde vertrek is? (1)

3.3 Watter ander woord word deur mense gebruik wanneer hulle van die Onteieningswet praat? (1)

3.4 Verduidelik hoe gaan Madiba se armbande "*mae volmaak*". (1)

3.5 Wat het Nicholas en die Gospel diva in gemeen? Voltooi: hulle albei ... (1)

[7]

VRAAG 4: VISUELE GELETTERDHEID – STROKIESPRENT

Bestudeer die onderstaande strokiesprent en beantwoord die vrae wat daarna verwys:



- 4.1 Wat dink jy, is daar in Frankie se rapport geskryf wat sy ouers so bekommerd gemaak het? (1)
 - 4.2 Hoe weet ons dat Frankie nie regtig besig is om te lees/leer nie? (1)
 - 4.3 Noem TWEE ander dinge wat Frankie eerder sou wou doen as om te leer. (2)
 - 4.4 Watter toekomsplanne het Frankie? (1)
- [5]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 5: GOEIE WENKE HOE OM DIE BEROEPSLEER SUKSESVOL TE KLIM**

- Som die WENKE in sewe goeie sinne op.
- Skryf jou SEWE sinne puntsgewys onder mekaar neer.
- Jy moet een sin oor elke feit skryf.
- Laat 'n reël tussen jou sinne oop.
- Jou opsomming mag nie meer as 70 woorde wees nie.
- Dui die aantal woorde aan die einde van jou opsomming aan.
- Jy sal geenaliseer word as jy baie meer as 70 woorde skryf of as jy nie die aantal woorde aandui nie.

SEWE GOEIE WENKE HOE OM DIE BEROEPSLEER SUKSESVOL TE KLIM:

'n Goedgekose kompliment op sy tyd kan help om jou kollegas en base aan jou kant te kry. Dit laat mense voel hulle word raakgesien. Moet dus nie die kans laat verbygaan om hul goeie prestasies en positiewe gedrag opreg te komplimenteer nie.

Probeer altyd om mense wat behulpsaam en vriendelik is, te waardeer. Dit kan help om jou gewild te maak en ook om jou te bevorder. Om jou waardering met 'n e-pos of brief te wys, is nog beter.

As jy iemand iets vertel, leun vorentoe, kyk die persoon in die oë, luister aandagtig en moenie terselfdertyd na iets op jou lessenaar soek nie.

As jy 'n meningsverskil met 'n kollega het, gee hom/haar kans om klaar te praat. Jy mag verskil, maar wees ordentlik en beskaafd daaroor sonder om onderdanig te wees.

Wees vriendelik met almal. Praat op 'n rustige en aangename manier en beantwoord jou telefoon met 'n glimlag in jou stem. Om saaklik te wees, beteken nie om onvriendelik te wees nie.

Wees vrygewig met humor, maar altyd in goeie smaak, anders sal jy gou as iemand-sonder-klas gebrandmerk word. Jy kan lag en grappies maak, maar maak seker dat jy altyd goeie smaak aan die dag lê.

Jou kollegas mag nooit alles omtrent jou weet nie. Laat hulle maar gerus oor sekere persoonlike dinge wonder. Moet ook nie oor ander se private sake uitvra nie.

Sjarmante beroepsmense met goeie maniere en beskaafde gewoontes is ekstra gewild. Wys dat jy belangstel. As iemand vra hoe dit met jou gaan, kan jy gerus ook na hulle welstand uitvra.

(Aangepas en verwerk uit: *Internetwenke*, 21 Junie 2008)

AFDELING C: TAAL

VRAAG 6: SPOTPRENT – WOORDSTRUKTURE

Die vrae wat volg, is op die onderstaande spotprent gebaseer:



(Spotprent uit: *Beeld*, 12 Julie 2008)

<p>6.1 (Bg.) spotprent beeld twee van die 6.2 (goed) rugbyspanne ter wêreld uit. Een van die spanne is ons eie Springbokspan.</p>	<p>6.1 6.2</p>	<p>Skryf die AFKORTING voluit. Skryf die KORREKTE VORM van die woord in hakies.</p>
<p>Die Springbokke maak baie staat op die individuele spel van Bryan Habana. 6.3 (Bryan) is werklik 'n voorbeeld van 'n goeie sportman. Hy is 'n goeie rugbyspeler en 6.4 (iemand wat aan 'n universiteit studeer het). Deur te studeer en nie net op rugby te konsentreer nie, maak hy seker dat hy vir 'n lewe na rugby voorbereid sal wees. Daar is 'n sterk 6.5 (afname) onder sportmense om dit te doen. Deur 'n</p>	<p>6.3 6.4</p>	<p>Vervang die woord met die korrekte PERSOONLIKE VOORNAAMWOORD. Skryf die PERSOONSNAAM neer.</p>
<p>6.6 (graad/graat) te verwerf, sal hy dan iets anders as net sport of sportadministrasie kan doen. Hy weet na 'n paar jaar van harde kontak sport, sal die 6.7 (vlees/vleis) nie meer</p>	<p>6.5 6.6 6.7</p>	<p>Skryf 'n ANTONIEM neer. Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Kies die KORREKTE woord tussen hakies.</p>

gewillig wees nie.		
Bryan wil 'n vriendelike 6.8 (versoek/besoek) tot jongmense rig om nie net sport te speel nie, maar ook tyd aan hulle studies te spandeer. Bryan se eie ouers het dit vir hom geleer en hy is nie spyt dat hy 6.9 (...) hulle geluister het nie. Hy glo dat jy 6.10 (in die middag) moet oefen en saans tyd aan jou skoolwerk moet spandeer. Bryan is bereid om na al die 6.11 (skool) te gaan en self die boodskap aan die kinders oor te dra.	6.8	Kies die KORREKTE woord tussen hakies.
	6.9	Vul in die korrekte VOORSETSEL in.
	6.10	Skryf EEN WOORD neer.
	6.11	Skryf die MEERVOUD neer.
Hy is nie net die fiksste in die span nie, maar ook 6.12 (vinnig) as Jonah Lomu van die All Blacks.	6.12	Skryf die KORREKTE VORM van die woord in hakies.
Wanneer hy die bal het, is dit 'n 6.13 (aanskou) toneel. Hy hoop om 'n 6.14 (100) wedstryd mylpaal in die groen-en-goud-trui te behaal.	6.13	Skryf die korrekte vorm van die DEELWOORD neer.
	6.14	Skryf die GETAL voluit.
Wat sy 6.15 (liefde + lewe) betref, is Bryan gelukkig verlief. Vele meisies is hartseer hieroor en sit gevolglik met 6.16 (breek) harte omdat hy alreeds 'n meisie het.	6.15	Skryf die SAMESTELLING neer.
	6.16	Skryf die korrekte DEELWOORD neer.
6.17 (Wat/Wie) staan agter Bryan Habana se sukses? Hy bedank verskillende mense hiervoor. Sy 6.18 (die persoon wat hom afrig) speel 'n groot rol in sy sukses. So ook al die 6.19 (S.A) wat hom ondersteun.	6.17	Kies die korrekte VOORNAAMWOORD.
	6.18	Skryf die PERSOONSNAAM neer.
	6.19	Skryf die AFKORTING in woorde binne die konteks van die sin.
Laastens bedank hy die meisie 6.20 (waarvoor, vir wie, aan wie) hy baie lief is.	6.20	Kies die KORREKTE WOORD/E tussen hakies.

VRAAG 7: SPOTPRENTE – SINSTRUKTURE




<p>Geweld in ons skole het oor die afgelope drie dekades toegeneem. Vroeër het onderwysers sommige leerders 'n pakslae gegee as 7.1 (hulle het die een of ander reël oortree).</p>	7.1	Skryf die gedeelte oor in die korrekte WOORDORDE.	1
<p>7.2 (Met die nuwe wet kan onderwysers dit nog doen). Hulle voel nou so magteloos.</p>	7.2	Skryf die sin in die ONTKENNENDE vorm.	2
<p>7.3 Wanneer (opvoeders het 'n probleem. Hulle vind altyd 'n oplossing).</p>	7.3	VERBIND die twee sinne.	1
<p>In die verlede het leerders respek vir onderwysers gehad. 7.4 (Die meeste van die leerders het die reëls gehoorsaam).</p>	7.4	Skryf die sin oor in die LYDENDE vorm.	2
<p>'n Oud-onderwyser het gevra: 7.5 ("Is dit die moeite werd om skool te hou?")</p>	7.5	Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.	2
<p>Leerders behoort 7.6 (hulle onderwysers respekteer).</p>	7.6	Skryf die sin in die INFINITIEF.	1
<p>Die situasie is erg. In die toekoms sal dit nog erger raak. 7.7 (Die leerders slaan selfs die onderwysers.)</p>	7.7	Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.	1

7.8 (Die Minister het nuwe reëls voorgestel om die probleem van geweld te bekamp). 7.9 (Is leerders doodbang vir die nuwe reëls?) 7.10 (Ouers is baie gelukkig hieroor). Die stap behoort hopelik nou dissipline by skole te bevorder. 7.11 (Onderwysers is egter bekommerd. Ouers gaan nie hulle deel bydra nie).	7.8	Skryf die sin oor in die TEENWOORDIGE TYD.	1
	7.9	Skryf die sin oor in 'n STELSIN.	1
	7.10	Skryf die sin oor in die TOEKOMENDE TYD.	2
	7.11	Verbind die sinne met DAT.	1
			(15)

TOTAAL AFDELING B: 10

VRAAG 8: KRITIESE TAALBEWUSTHEID



(Spotprent: *Die Burger*, 29 Julie 2008)

- 8.1 Wat impliseer Kerneels met sy vraag aan Andy in raampie 2? (1)
- 8.2 Hoekom gebruik Kerneels die verkleinwoord “ekskusies”? (1)
- 8.3 Watter ander woord/sinoniem kan ons in die plek van “moetie” gebruik? (raampie 3) (1)
- 8.4 “Wat maak jy daarmee?”
 - 8.4.1 Wat het Rooi Oog eintlik bedoel toe hy die vraag gevra het? (1)
 - 8.4.2 Hoe het die moetie-man sy vraag geïnterpreteer? (1)

[5]

TOTAAL AFDELING C: 40

GROOTTOTAAL: 80